SPESIALE TOEKENNINGS

LOURIERAAND

1. SERTIFIKAAT VAN VERDIENSTE

Word toegeken aan:

1.1 Wenners van trofeë.

2. JACQUES VICTOR TROFEE VIR 'N BUITENGEWONE EENMALIGE PRESTASIE

Hierdie trofee is geskenk deur mev. Victor na die dood van Jacques, 'n graad 9-leerling verbonde aan die skool.

Die trofee word jaarliks op meriete toegeken vir 'n uitsonderlike of buitengewone eenmalige prestasie, **sportgebied uitgesluit**.

3. ETTIENNE NOLTE TROFEE VIR DIE BESTE EENMALIGE SPORTPRESTASIE

Die trofee is geskenk deur mnr & mev Nolte in 2000 na die dood van hul jongste seun Ettienne, 'n graad 9-leerling, verbonde aan die skool.

Die trofee word jaarliks op meriete toegeken vir 'n uitsonderlike of buitengewone sportprestasie. Slegs sport **BINNE SKOOLVERBAND** word in aanmerking geneem.

4. PRETORIUS WISSELTROFEE VIR DIE BESTE EENMALIGE SPORTPRESTASIE BUITE SKOOLVERBAND

Die trofee is geskenk deur mnr & me Pretorius (ouers) in 2002 en word toegeken aan die leerling wat 'n uitsonderlike sportprestasie behaal het in 'n sportsoort buite skoolverband. Die trofee word egter slegs toegeken in die jare waar uitsonderlike/nuuswaardige prestasies deur leerders bereik word (bv. Statebondspele/All Africa Games ens.).

5. SKOOLBESOEK

5 JAAR GETROUE SKOOLBESOEK

Graad 12-leerlinge wat 5 jaar getroue skoolbesoek het, ontvang ‘n SILWER EREPENNING in ‘n houtkissie met hul naam buite op gegraveer, asook ‘n spesiale sertifikaat tydends die Matrieklourieraand.

12 JAAR GETROUE SKOOLBESOEK

Graad 12-leerlinge wat 12 jaar getroue skoolbesoek het en bewys lewer van hul laerskole van 7 jaar getroue skoolbesoek, ontvang ‘n GOUE EREPENNING in ‘n houtkissie met hul name buite op gegraveer, asook ‘n spesiale sertifikaat tydens die Matrieklourieraand.